DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

**NG GEMEENTE KOGELBERG**

*ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA*

# Weerklank

**Winter 2025**

# Uitbeeldings tref, maar HK stel vrae




*Foto: Handre van Heerden*

Die afgelope Paasspel in die Kleinmondkerk was ‘n groot sukses — as dit gemeet word aan die reaksie van die gehore én deelnemers. Tog laat die uitbeeldings vrae as ons na die Heidelbergse Kategismus luister.

# Die ou vraag oor beelde

Een van ons kerk se belydenisskrifte, die Heidelbergse Kategismus, is nogal skerp oor beelde in die kerk. Dit moet natuurlik gelees word teen die agtergrond waarteen die kerkhervorming in die 16e eeu plaasgevind het die daaropvolgende stryd in Europa tussen Protestante (veral die Calviniste) en Rooms-Katolieke.

Kortom, die beelde en skilderye is met afgodery vergelyk en hang ook saam met die verering (nie aanbidding nie) van Maria, moeder van Jesus. Vandaar die destydse verwoesting van beelde en skilderye in Katolieke kerkgeboue.

Die Heidelbergse Kategismus het in 1563 sy beslag gekry en sê onder meer:

*Lees verder op volgende bladsy.*

———————————————————————

# Kantaantekening

*Weerklank* kom drie maal per jaar uit om weer te dink oor sake wat in die gejaag nie altyd die nodige aandag kry nie. Ons sluit in hierdie uitgawe  aan by die voortgaande besinning oor skilderye in die kerkgebou. — Redakteur

*Weerklank* word uitgegee onder toesig van die kerkraad van die NG Gemeente Kogelberg. Redakteur: Johannes Froneman. Medewerkers: Heinrich Carstens, Fanie Krige, Lisel Krige en Joke Venter.

**Sondag 35**
***Vraag 96:* Wat eis God in die tweede gebod?**

*Antwoord:* Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie (a) en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie (b). (a) Jes 40: 18, 19, 25; Deut 4: 15, 16; Rom 1: 23; Hand 17: 29. (b) 1 Sam 15: 23; Deut 12: 30; Matt 15: 19.

***Vraag 97:* Mag ons dan glad nie beelde maak nie?**
*Antwoord:* God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie (a). Die skepsels mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons van hulle afbeeldings maak en besit om dit te vereer en Hom daardeur te dien (b). (a) Jes 40: 25. (b) Eks 34: 17; 23: 24; 34: 13; Num 33: 52.

***Vraag 98:* Mag ons beelde as *boeke van die leke* in die kerkgebou toelaat?**
*Antwoord:* Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie (a), maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig (b). (a) Jer 10: 8; Heb 2: 18. (b) Rom 10: 14, 15, 17; 2 Pet 1: 19; 2 Tim 3: 16, 17.

———————————————————————-

*Sou die opvoering van 'n Paasspel of die hang van skilderye in die kerk dan in stryd wees hiermee? Of is die HK in 'n heel ander konteks geskryf en met 'n heel ander bedoeling? Ons leef immers in 'n wêreld waarin beelde (bewegende beelde op TV en ons slimfone) die normale is.*

Lees ds. Heinrich Carstens se mening op die volgende bladsye.

# Stomp prentjiewêreld af?

Deur ds. Heinrich Carstens

Met die Paasspel 2025 was ek telkens geraak deur die sagte en stil teenwoordigheid van Ben Vlok, wat die rol van Jesus vertolk het. Ons almal het mos 'n "prentjie" in ons gedagtes van hoe Jesus moes gelyk het toe Hy hier op aarde geleef het.

Op 'n manier het Ben se sagtheid en innerlike krag vir my goed gepas by die prentjie wat ek van Jesus oor jare gevorm het. En natuurlik is ons dankbaar vir die feit dat hierdie Paasspel so baie gelowiges weer gehelp het om opnuut te besef wat die offer van ons Here Jesus vir ons beteken het.

En tog is daar so 'n effense ongemak by my... nie soseer omdat ek klakkeloos die interpretasie van Sondag 35 van die Heidelbergse Kategismus wil napraat nie. Want ek glo tog dat niemand van ons dié Jesus van die Paasspel wil aanbid en vereer nie.

Nee, my ongemak lê eerder by my eie onvermoë om in die beeldryke wêreld waarin ons leef, eenvoudig, kinderlik te reageer op die Woord van God soos dit in die Bybel aan ons oorgedra word. Kom ek verduidelik... dalk voel jy dalk ook soos ek!

Met daardie toneel in die Paasspel waar Jesus in Getsemane bid dat die lydensbeker by Hom moet verbygaan, kon ek amper

tasbaar die doodsbenoudheid wat Jesus moes beleef aanvoel met Ben se goeie toneelspel.

Maar dan wonder ek hoekom ek so sukkel om dieselfde emosie te ervaar as ek bloot die teks in Lukas 22:39-46 lees?

Het ons dalk al so afgestomp geraak vir die geskrewe woord? Of is die invloed van die prentjiewêreld waarin ons vandag leef dalk net te groot?

En dis dan juis met hierdie worsteling wat ek jou wil uitdaag om saam met my oor hierdie vraag te dink. Is dit sommer eenvoudig en maklik om net JA of NEE te antwoord op die vrae wat in hierdie uitgawe van die *Weerklank* gevra word?

- Sou die opvoering van ‘n Paasspel dan in stryd wees met die inhoud van die Heidelbergse Kategismus Sondag 35?
- Of is die Heidelbergse Kategismus in ‘n heel ander konteks geskryf en met ‘n heel ander bedoeling?
- En wat sê bogenoemde oor die skilderye wat tydens die Paastyd in die kerk gehang is?

Ek glo nie dat die opvoering van die Paasspel (of die Kruis-kunswerke) in stryd is met die kernwaarheid wat in die Heidelbergse Kategismus aangespreek word nie. Myns insiens kan ons die konteks van die ontstaan van die Heidelbergse Kategismus nooit uit die oog verloor nie. Dit was mos 'n kategese-handboek wat in die jare 1562-1563 geskryf is as leerboek van die Reformasie wat onder andere in opstand gekom het teen die wanpraktyke van daardie tyd in die Rooms-Katolieke Kerk, waar beelde en afbeeldings eenvoudig belangriker geword het as die Woord.

En enige reaksie het mos ook die gevaar om die pendulum te ver in die teenoorgestelde rigting te laat swaai. Daarom was ons vir jare in die kerke van die reformasie gestroop van alle simbole, soos onder andere die kruis.

Simbole en kuns - soos ook die opvoering van die Paasspel - moet ons help om in 'n dieper en meer intieme verhouding met die Drie-Enige God (Vader, Seun en Heilige Gees) te leef. Maar simbole en kuns mag nooit die objek van ons aanbidding word nie. God is en bly die fokus van ons geloof. En vanuit hierdie lewende verhouding met Hom vloei die totaliteit van ons geloofslewe as 'n lewe Coram Deo (voor Sy aangesig).

My gebed is daarom dat ons mekaar sal help - soos die skrywer van die Hebreërbrief ons ook aanmoedig - om elke las van ons af te gooi (ook die sonde wat ons so maklik verstrik) en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof.

Hierdie Jesus is natuurlik ons Here Jesus soos God Hom in die eerste plek aan ons openbaar in die Woord. En geen menslike uitbeelding of prentjie wat ons van Hom kan vorm, kan ooit die plek van die Seun van God in ons lewe inneem nie.

Mag God verheerlik word in alles wat ons doen!

* NS - Jy sal sekerlik verstaan dat ek met die beperkte ruimte van hierdie artikel nie naastenby reg kan laat geskied aan die omvang van die saak waaroor dit gaan nie. - HC

*‘Simbole en kuns - soos ook die opvoering van die Paasspel - moet ons help om in 'n dieper en meer intieme verhouding met die drie-enige God (Vader, Seun en Heilige Gees) te leef.’*

# 'n Klein sprong tot in Jerusalem!

Wat ‘n ongelooflike belewenis was vanjaar se Paasspel *Jerusalem! Jerusalem!*

Ek was daar al drie aande, op 10, 11 en 13 April, een van die sowat 1 000 toeskouers deurentyd in verrukking oor die skouspel. Van die oomblik toe die verteller die kinders genooi het om met ‘n klein sprongetjie deel van die storie te word, was ek meegevoer.

Saam het ons die gebeure in Jerusalem beleef—van die lofdanse met die intog, die drama voor en by die kruis, tot die vreugde oor die opstanding van Jesus Christus. Saam het ons die lied *Jerusalem* uitjubel en met die *Onse Vader*-gebed triomfantelik afgesluit.

Dié Paasspel het geen deelnemer of toeskouer onaangeraak gelaat nie. Die besoekende assessor van die algemene sinode, ds. Maartje van der Westhuizen, wat die laaste aand bygewoon het, het die Paasspel as ‘n groot hoogtepunt beskryf: "Daar het die koinonia van kerk-wees tot sy volle reg gekom, met mense van alle ouderdomme en verskillende kulture wat saam die verhaal van Jesus se kruisiging vertel het."

Voordat herinneringe begin vervaag, is dit die moeite werd om te vra: Wat het tot die sukses van hierdie Gees-vervulde projek bygedra? Daar is eintlik te veel om op te noem, maar kom ons probeer:

- ‘n Luisterryke teks wat oor etlike jare deur regisseur Arina Greeff en haar pastoriemoeder, MM Labuschagne, ontwikkel en verfyn is met 23 jaar se opvoerings.

- ‘n Gevoelvolle koor onder leiding van Thinus Ries, aangevul deur briljante soliste met stem en trompet.
- ‘n Imposante dekor wat geen twyfel gelaat het dat ons in Jerusalem en die voorhowe van koning Herodes se paleis was nie, met klere en rekwisiete wat die tydvak weerspieël.
- ‘n Uitgebreide verhoog wat dit soveel makliker gemaak het om alles te sien.
- Lofdansers wat met klank en beweging die atmosfeer verryk het.
- Sowat 70 akteurs wat met passie en oortuiging hul rolle vertolk het (daar was seker meer as net ‘n paar kinders wat oortuig was dat dit werklik Jesus by hulle was).
- ‘n Getroue ondersteuningspan in die agtergrond, met Ninnie du Toit as koördineerder, wat gesorg het vir grimering, sop, kaartjies, gedrukte programme en deelnemersertifikate—alles om ‘n fyn afronding aan die poging te gee.

Alle eer en dank aan ons hemelse Vader vir Sy sorg en seën oor Paasspel 2025. — *Fanie Krige*



Die oop graf — een van die skilderye wat vir die Paasspel gemaak is en steeds in die Kleinmondkerkgebou hang.